*Saterdag* **19**

**SKRIFGEDEELTE: MARKUS 1:16-20**
**FOKUSGEDEELTE: MARKUS 1:19-20**

**Sebedeus – Wanneer jou kinders se (koninkryks-)besluite net nie sin maak nie**

Gewoonlik as ons die gedeeltes in die Skrif oor die roeping van die dissipels lees, fokus ons op Jesus Christus se interaksie met die dissipels. Ons kyk verby die bystanders en randfigure. Tog was hulle mense wat in aanraking met die Messias gekom het. Mense wie se lewe onherroeplik verander is.

Sebedeus (die Here gee) was een van hierdie mense. ’n Visser van beroep, wat besig was om sy seuns hulle nering te leer. Dit is wel nou nie ’n beroep met aansien of groot inkomste nie, maar dit was ’n beroep wat sou verseker het dat daar kos op die tafel en ’n dak oor die kop was.

Dan gaan hierdie seuns van Sebedeus en los hulle pa net so! Hulle maak ’n koninkryksbesluit wat teen die gebruik van die tyd ingaan. ’n Besluit sonder enige waarborge. Hulle maak ’n koninkryksbesluit wat inhou dat hierdie twee jongmanne hulle pa agterlaat en in die voetspore van Christus volg, en wat daarop uitloop dat een van hulle as ’n banneling op die eiland Patmos sou eindig en die ander tot die dood toe gemartel sou word vir sy geloof in Christus.

Só staan ouers dikwels vandag voor hulle volwasse kinders wat soms koninkryksbesluite maak wat nie sin maak nie. ’n Besluit om sendeling te word of ’n besluit om ’n beroepsgeleentheid te los, omdat hy/sy daarvan oortuig is dat God nog deur hom/haar ’n pad met sekere kollegas loop.

Tog is dit dan dat elke ouer kan weet: my kind behoort aan die Here, die goeie Herder! My kind is ’n Koningskind en hierdie Koning sorg vir sy onderdane. Hy gaan met hulle déúr die donker dieptes van die lewe, déúr die uitdagings en déúr die seer tye. In sy hande is hulle veilig!

*Sing: Psalm 23-1:1, 2; Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. KP (Karel) Steyn (Potchefstroom-Oos)*